higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE

(Eerste Vraestel)

NKR-VLAK 4

(3011004)

26 Februarie 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

'n Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 'n antwoordboek van 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 URE
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK wat voorsien word.
4. Toon AL u berekeninge.
5. Geen bladsye mag uit die ANTWOORBOEK verwyder word nie.
6. Gebruik die tabel hier onder as riglyn oor hoeveel tyd u aan die beantwoording van elke vraag moet spandeer.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYDSRIGLYN
AFDELING A			
1	Kortvrae	30	27 minute
2	Berekeningsvrae	30	27 minute
AFDELING B			
3	Aansuiwerings	40	36 minute
4	Wins-en-verliesberekenings	30	27 minute
5	Finansiële state	50	45 minute
6	Invloed op rekeningkundige vergelyking	20	18 minute
		200	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Aansuiwering vir skryfbehoeftes voorhande aan die einde van die finansiële jaar sal in die ... joernaal opgeteken word.

A debiteure-
B kontantbetalings-
C algemene
D kleinkas-

1.1.2 Die … word gebruik om 'n onderneming se transaksies wat slegs op die huidige finansiële tydperk betrekking het, op te teken.

A balansstaat
B proefbalans
C inkomstestaat
D kontantvloeistaat

1.1.3 Die joernaalinskrywing om die afsluiting van die koste-van-verkoperekening op te teken, is …

A debiteer 'handelsrekening' en krediteer 'koste van verkope'.
B debiteer 'koste van verkope'' en krediteer 'handelsvoorraad'.
C debiteer 'koste van verkope'' en krediteer 'handelsrekening'.
D debiteer 'handelsvoorraad' en krediteer 'koste van verkope'.

1.1.4 'n Daling in die voorsiening vir slegte skuld word as 'n ... geklassifiseer.

A las.
B inkomste.
C bate.
D uitgawe.

1.1.5 Eiendomsbelasting wat vir die huidige finansiële jaar verskuldig is, maar nog nie betaal is nie, staan bekend as …

A vooruitbetaalde uitgawes.
B opgelope inkomste.
C inkomste vooruit ontvang.
D opgelope uitgawe.

(5 × 1) (5)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Handelsvoorraadtekort	A	opgelope uitgawe
1.2.2	Opgelope inkomste	B	proefbalans aan die einde van die jaar voordat enige aansuiwerings gemaak is
1.2.3	Voorsiening vir slegte skuld		inkomste verdien maar nog nie aan die
1.2.4	Uitgawes vooruit betaal	C	einde van die finansiële jaar ontvang nie
1.2.5	Na-aansuiweringsproefbalans	D	die verskil tussen die sluitingsaldo van handelsvoorraad in die proefbalans en die waarde van voorraad voorhande na afloop van die fisiese voorraadopname
		E	word aan die einde van die jaar geskep vir moontlike skuld wat nie afgeskryf kon word nie
		F	proefbalans teen jaareinde opgestel nadat al die aansuiwerings gedoen is
		G	vooruitbetaalde uitgawe
		H	inkomste reeds vir die volgende finansiële tydperk ontvang

(5 × 1) (5)

1.3 Sweety Makubu, 'n blinde, talentvolle student, werk in die vereniging vir dowe en blinde mense se eie kuns-en-ornamentwinkel, genaamd Kreatiwiteit op sy Beste.

Die volgende saldo's is verkry uit die onderneming se vooraansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2016, die einde van die onderneming se finansiële jaar:

Skilderdoek en klei vir ornamente (handelsware)	R35 250
Kontant in bank	R3 999
Kapitaal	R50 000
Onttrekkings	R4 200
Voertuie	R56 000
Opgehoopte depresiasie op voertuie	R3 650
Rekenings betaalbaar (krediteure)	R6 449
Kontantverkope	R62 987
Kredietverkope	R23 654
Koste van verkope (prystoeslag is 150% op kosprys	???
Water en elektrisiteit	R9 158

Waar toepaslik, rond u antwoord af tot die naaste rand.

U word versoek om Sweety met die volgende te help:

1.3.1 Beskryf kortliks die volgende aan haar:
1.3.1.1 die verskil tussen bruto wins en netto wins (2)
1.3.1.2 die term *depresiasie (waardevermindering)*. (2)

1.3.2 Bereken die koste van verkope vir die onderneming op 30 Junie 2016. (4)

1.3.3 Depresiasie op voertuie word bereken teen 10% op die dalendesaldometode. 'n Nuwe voertuig is op 1 Desember 2015 vir R40 00 aangekoop. Hierdie inskrywing is nog nie in die onderneming se boeke opgeteken nie.

Bereken die depresiasie wat in die inkomstestaat op 30 Junie 2016 opgeteken sal word. (5)

1.3.4 Bereken die opgehoopte depresiasie op voertuie wat in die balansstaat op 30 Junie opgeteken sal word. (2)

1.3.5 Bereken die depresiasie op voertuie wat in die inkomstestaat op 30 Junie 2017 opgeteken sal word. (4)

1.3.6 Watter uitwerking het opgehoopte depresiasie op bates? (1)
[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Die volgende inligting is verkry uit die boeke van Minions Hotel op 31 Augustus 2016, die einde van die finansiële jaar.

UITTREKSEL UIT DIE VOORAANSUIWEINGSPROEFBALANS

Versekering	R25 000

ADDISIONELE INLIGTING

- Die maandelikse versekering aan Mutual and Federal van R1 450 is op 6 Augustus 2016 betaal. Hierdie inskrywing is egter verkeerdelik na die diverse-uitgawerekening oorgeboek.

- Die onderneming het n versekeringspolis by Sahara Insurers. Die premie is R620 per week. Die faktuur vir die maand is op 30 Augustus 2016 ontvang, maar is nog nie betaal nie. Daar is vyf weke in die maand Augustus.

- Ingesluit in die versekeringsrekening is 'n bedrag van R1 000, wat vir die volgende finansiële tydperk is.

2.1.1 Berei die versekeringsrekening in die algemene grootboek voor. Sluit hierdie rekening korrek af op 31 Augustus 2016. (9)

2.1.2 Watter uitwerking het versekering op die eienaarsbelang/ekwiteit in die rekeningkundige vergelyking? (1)

2.1.3 In watter finansiële staat sal versekering opgeteken word? (1)

2.2 Die volgende is 'n uittreksel uit die boeke van Boom Bang Stores op 30 November 2016,die einde van die finansiële jaar:

Niebedryfsbates	R180 000
Verbandlening (Blue Bank)	R65 000
Bedryfsbates	R45 000
Kapitaal (saldo op 1 Desember 2015)	R70 000
Onttrekkings	R12 000

BYKOMENDE INLIGTING

- Die netto verlies het R10 000 vir die jaar bedra.

2.2.1 Voltooi die aantekening vir kapitaal in die balansstaat. Toon alle berekenings. (4)

2.2.2 Bereken die bedryfslaste van Boom Bang Stores op 30 November 2016. (5)

2.3 Die onderneming se omset was R1 000 000 en sy debiteure was 10% van die omset. Die onderneming wil 'n voorsiening vir twyfelagtige skuld van 3% van debiteure vir die huidige jaar hê.

2.3.1 Bereken die voorsiening vir twyfelagtige skuld vir die huidige jaar. (3)

2.3.2 Die voorsiening wat in VRAAG 2.3.1 bereken is, is 10% meer as verlede jaar se voorsiening vir twyfelagtige skuld

Bereken verlede jaar se voorsiening vir twyfelagtige skuld. Rond u antwoord af tot die naaste rand. (2)

2.3.3 Is die verskil tussen verlede jaar en hierdie jaar se voorsiening vir twyfelagtige skuld 'n inkomste of 'n uitgawe vir die onderneming? (1)

2.3.4 Hoe weet ondernemings watter persentasie voorsiening hulle vir slegte skuld moet maak? (1)

2.4 Imphuphu Groothandelaars het 'n vooraadopname op die laaste dag van sy finansiële jaar gedoen. Volgens die fisiese voorraadopname is die voorraad R36 477. Die saldo op die voorraadrekening in die algemene grootboek is R38 744.

2.4.1 Watter bedrag sal in die inkomstestaat vir die bogenoemde transaksie opgeteken word? (1)

2.4.2 Watter bedrag sal in die voorraadaantekening in die balansstaat opgeteken word? (1)

2.4.3 Waarom is dit belangrik dat 'n onderneming gereeld voorraadopnames doen? (1)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 3

Die volgende vooraanpassingsproefbalans is 'n uittreksel uit die rekords van Petite Ornaments op 30 Junie 2016, die laaste dag van die finansiële jaar.

VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS VAN PETITE ORNAMENTS OP 30 JUNIE 2016

	FOL	DEBIET		KREDIET	
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING					
Kapitaal (1 Julie 2015)	B1			368 960	00
Onttrekkings	B2	18 800	00		
Toerusting	B3	152 000	00		
Opgehoopte depresiasie op toerusting	B4			23 200	00
Voertuie	B5	258 840	00		
Opgehoopte depresiasie op voertuie	B6			31 800	00
Handelsvoorraad	B7	45 860	00		
Bank	B8	36 700	00		
Kleinkas	B9	500	00		
Los kontant	B10	1 500	00		
Debiteurekontrole	B11	42 700	00		
Kredteurekontrole	B12			7 800	00
Vaste deposito: Buzz Bank (8%)	B13	40 000	00		
Lening: Nemo Bank (12%)	B14			90 000	00
Voorsiening vir slegte skuld				5 000	00
NOMINALE-REKENINGEAFDELING					
Verkope	N1			395 750	00
Koste van verkope	N2	143 500	00		
Debiteurekortings	N3	7 250	00		
Huurinkomste	N4			19 950	00
Vraggeld op verkope	N5	6 540	00		
Kommissie ontvang	N6			10 570	00
Slegte skuld	N7	8 155	00		
Slegte skuld ingevorder	N8			1 880	00
Diverse uitgawes	N9	10 400	00		
Water en elektrisiteit	N10	33 660	00		
Salarisse	N11	126 000	00		
Skryfbehoeftes	N12	4 500	00		
Verpakkingsmateriaal	N13	3 950	00		
Rekeningkundige fooie	N14	12 000	00		
Rente op lening	N15	2 055	00		
		954 910	00	954 910	00

Kopiereg voorbehou

AANSUIWERINGS

1. ’n Debiteur, A. Joubert, wat R21 000 skuld, is insolvent verklaar. Sy boedel het ’n dividend van 25 in die rand betaal. Die boekhouer het slegs die inskrywing vir daardie ontvangste opgeteken. Daar word van u verlang om die oninvorderbare bedrag op te teken.

2. Pas die voorsiening vir slegte skuld aan tot 10% van debiteure.

3. ’n Fisiese voorradopname op 30 Junie 2016 het die volgende voorraad voorhande getoon

   - Handelsvoorraad R45 000
   - Skryfbehoeftes R400

4. Die geoktrooieerde rekenmeesters, Shabir Goga and Associates, het die maatskappy vir R23 450 gefaktureer vir die voltooiing van die finansiële state en voorlopige belastingopgawes. Hierdie faktuur is nog uitstaande.

5. Die eienaar het voorraad ter waarde van R850 vir haar persoonlike gebruik geneem.

6. Die onderneming het handelsvoorraad ter waarde van R4 750 by XT Products aangekoop en per tjek betaal. Hierdie inskrywing is verkeerdelik na die vraggeld op verkoperekening oorgeboek. Korrigeer hierdie inskrywing.

7. M. Stuart, ’n huurder, het sedert Maart 2012 ’n gedeelte van die gebou beset teen huurgeld van R1 500 per maand. Haar huurgeld het op 1 Mei 2016 met 10% verhoog. Pas huur dienooreenkomstig aan.

8. Die rekening van B. Bandela met ’n kredietsaldo van R300 in die debiteuregrootboek moet na sy rekening in de krediteuregrootboek oorgedra word.

9. Die voorsiening vir depresiasie van voertuie en toerusting is soos volg:

   9.1 Toerusting teen 14% per jaar op die reguitlynmetode. Neem in aanmerking dat ’n nuwe fotostaatmasjien op 1 September 2015 vir R5 000 aangekoop is. Hierdie inskrywing is reeds in die onderneming se boeke opgeteken.

   9.2 Voertuie teen 16% per jaar op die dalendesaldo-metode.

10. ’n Vaste deposito is op 31 Desember 2015 uitgeneem. Doen ’n aansuiwering (aanpassing) van die rente op die vaste deposito.

11. Die ontvangspersoon, P. Sangweni, het ’n voorskot van R3 500op sy maandelikse salaris aangevra omdat hy met vakansie Kaapstad toe wou gaan. Die eienaar het sy versoek goedgekeur en op 30 Junie 2016 sy salaris vir Julie 2016 betaal.

VERLANG

Teken die aansuiwerings in die algemene joernaal op 30 Junie 2016 op. Verklarende aantekeninge is NIE nodig nie.

Rond al u antwoorde af tot die naaste rand. **[40]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Die volgende na-aansuiweringsproefbalans het in The Famous Pet Store se boeke op 30 November 2016, die laaste dag van die finansiële jaar, verskyn.

NA-AANSUIWERINGSPROEFBALANS VAN THE FAMOUS PET STORE OP 30 NOVEMBER 2016

	FOL	DEBIET		KREDIET	
BALANSSSTAATREKENINGE-AFDELING					
Kapitaal (1 Desember 2015)	B1			320 000	00
Onttrekkings	B2	45 050	00		
Grond en geboue	B3	375 000	00		
Vaste deposito: Smurf Bank (12%)	B4	150 000	00		
Toerusting	B5	45 000	00		
Opgehoopte depresiasie op toerusting	B6			9 852	00
Handelsvoorraad	B7	25 605	00		
Debiteurekontrole	B8	34 920	00		
Bank	B9			45 822	00
Los kontant	B10	650	00		
Opgelope inkomste (huur)	B11	3 400	00		
Voorsiening vir slegte skuld	B12			13 400	00
Krediteurekontrole	B13			30 850	00
Vooruitbetaalde uitgawe	B14	1 005	00		
Opgelope uitgawe	B15			4 605	00
NOMINALEREKENINGE-AFDELING					
Verkope	N1			755 250	00
Koste van verkope	N2	478 500	00		
Debiteurekortings	N3	6 040	00		
Water en elektrisiteit	N4	37 508	00		
Telefoon en faks	N5	16 085	00		
Salarisse	N6	73 250	00		
Aansuiwering van voorsiening vir slegte skuld	N7	1 680	00		
Drukwerk en skryfbehoeftes	N8	6 377	00		
Rente op vaste deposito	N9			9 850	00
Huurinkomste	N10			125 000	00
Slegte skuld	N11	2 003	00		
Konsultasiefooie	N12	9 044	00		
Intekengeld	N13	3 512	00		
Slegte skuld ingevorder	N14			450	00
		1 314 629	00	1 314 629	00

Kopiereg voorbehou

VERLANG

Open die volgende rekeninge in die algemene grootboek van The Famous Pet Store en boek die sluitingsaldo's daarheen oor. Balanseer/sluit al hierdie rekeninge op 30 November 2016 af.

4.1	Onttrekkings	(2)
4.2	Opgelope inkomste	(3)
4.3	Huurinkomste	(6)
4.4	Handelsrekening	(4)
4.5	Wins-en-verliesrekening	(15)
		[30]

VRAAG 5

Gebruik die inligting hier onder om die volgende vir Boots and All voor te berei:

5.1	Inkomstestaat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016	(24)
5.2	Balansstaat soos op 29 Februarie 2016. Toon SLEGS die vereiste aantekeninge in die ANTWOORDBOEK aan.	(26)
	LET WEL: Waarvan toepassing, toon alle bewerkings in hakies en rond al u antwoorde af tot die naaste rand.	**[50]**

AANSUIWERINGS

1. 'n Fisiese voorraadopname op 29 Februarie 2016 het die volgende voorraad voorhande getoon:

   - Handelsvoorraad R85 000
   - Verpakkingsmateriaal R750

2. 'n Debiteur is by haar werk afgedank en kon nie die saldo op haar rekening van R975 betaal nie. Skryf haar skuld as oninvorderbaar af.

3. Die leningsooreenkoms met Sofia Bank is op 31 Julie 2015 onderteken.

4. Skep 'n voorsiening vir slegte skuld van 6% van debiteure.

5. Die voorsiening vir depresiasie van voertuie en toerusting vir die jaar is soos volg:

   - Toerusting teen 15% per jaar op die reguitlynmetode.
   - Voertuie teen 12% per jaar op die dalendesaldometode.

6. Kommissie op tot op 30 April 2016 ontvang.

7. Ingesluit in die versekeringsbedrag is 'n jaarlikse versekeringspremie van R8 000 wat jaarliks op 1 Desember betaalbaar is. Die polis is twee jaar gelde uitgeneem.

Kopiereg voorbehou

Die volgende vooraansuiweringsproefbalans is uit Boots and All se rekords op 2 Februarie 2016 onttrek, die laaste dag van die finansiële jaar.

VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS VAN BOOTS AND ALL OP 29 FEBRUARIE 2016

	FOL	DEBIET		KREDIET	
BALANSSTAATREIKENINGE-AFDELING					
Kapitaal (1 Maart 2015)	B1			940 100	00
Onttrekkings	B2	12 000	00		
Grond en geboue	B3	650 000	00		
Voertuie	B4	398 000	00		
Opgehoopte depresiasie op voertuie	B5			87 300	00
Toerusting	B6	240 000	00		
Opgehoopte depresiasie op toerusting	B7			44 500	00
Handelsvoorraad	B8	96 200	00		
Debiteurekontrole	B9	134 500	00		
Bank	B10			34 630	00
Kleinkas	B11	2 000	00		
Los kontant	B12	12 500	00		
Lening: Sofia Bank (14%)	B13			100 000	00
Krediteurekontrole	B14			77 500	00
NOMINALEREKENINGE-AFDELING					
Verkope	N1			976 590	00
Koste van verkope	N2	459 750	00		
Debiteurekortings	N3	17 400	00		
Huurinkomste	N4			20 000	00
Kommissie-inkomste	N5			14 000	00
Bankkoste	N6	9 980	00		
Salarisse	N7	122 650	00		
Regskoste	N8	21 000	00		
Slegte skuld	N9	7 090	00		
Versekering	N10	14 500	00		
Skryfbehoeftes	N11	12 480	00		
Telefoon	N12	16 000	00		
Verpakkingsmateriaal	N13	1 900	00		
Korting ontvang	N14			1 330	00
Water en elektrisiteit	N15	68 000	00		
		2 295 950	00	2 295 950	00

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Ontleed die transaksies uit die boeke van Mona Lisa's Painting Store op 31 Oktober 2016, die laaste dag van die finansiële jaar deur aan te dui watter rekening in die grootboek gedebiteer en watter rekening in die grootboek gekrediteer sal word. Toon die uitwerkings op die elemente van die rekeningkundige vergelyking. Dui 'n toename aan met +, en 'n afname met – en geen uitwerking met 0.

Gebruik die tabel in die ANTWOORDBOEK om die transaksies te ontleed.

VOORBEELD:

Betaal Caltex vir brandstof per tjek, R300.

Nommer	**Algemene grootboek**		**Uitwerking op die rekeningkundige vergelyking**		
	Rekening gedebiteer	**Rekening gekrediteer**	**Bates**	**Eienaarsbelang**EQUITY**	**Laste**
Voorbeeld	*Brandstof*	*Bank*	*- 300*	*- 300*	*0*

VERLANG

6.1 Sluit die netto wins van R45 000 af.

6.2 Handboeke vir Toegepaste Rekeningkunde Vlak 4 van die verskaffer, Troupant Books, aangekoop en per tjek betaal. Die korting van R960 is verkeerdelik uitgelaat en is nog nie ontvang nie.

6.3 'n Bedrag van R750 vir eiendomsbelasting is verkeerdelik in die skryfbehoefterekening ingeskryf.

6.4 Die telefoonhuurgeld R450 per maand. Hierdie rekening is reeds drie maande agterstallig.

6.5 Die eienaar, Ayush Mohan, het haar kapitaal met 15% verhoog. Die oorspronklike bedrag wat geïnvesteer is, was R220 000.

(5 × 4) **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou